# ELS NUUS – DESEMBER 2014

Campus Crusade for Christ SA

Liewe Vriende,

**GCM (GLOBAL CHURCH MOVEMENT)**

**MC² Opleiding**

Ons MC² Opleiding in ***Katlehong*** het tot 'n einde gekom, ons 7 pastore het hul gradeplegtigheid gehad die 29ste Oktober 2014. Die pastore moes ook elkeen 'n kort getuienis gee van wat die opleiding vir hul beteken het, en dit was wonderlik om te hoor dat hul met hierdie opleiding baie geleer het en van hulle het reeds twee nuwe groepe (Multiplying). ***Latter Harvest*** se opleiding het ook tot 'n einde gekom waarvan daar 6 studente was en reeds 1 student het met 'n groepie by sy huis begin. Die gradeplegtigheid het plaasgevind Sondag 7 Desember 2014, dit was 'n blye geleentheid. Ons sê dankie vir ons Vader dat hierdie opleiding so suksesvol is en dat ons reeds vermenigvuldiging sien.

Campus Crusade for Christ

**STUDENT LED**

Dit is al weer die tyd van die jaar en ons afspraak met die studente by die Ekurhuleni Business College se Brakpan Kampus het afgesluit vir 2014. Ons het 'n geleentheid gehad by Ekurhuleni Business College se Benoni Kampus om 'n boodskap te bring en om Campus Crusade for Christ daar bekend te stel. Ons is opgewonde oor die toekoms by die twee kampusse. Ook het twee nuwe kampusse met ons kontak gemaak, Benoni en Daveyton, om volgende jaar by hul kampusse betrokke te raak. Dankie Abba Vader vir die deure wat nou oopgaan hier om ons, om Sy naam te gaan uitdra.

**Pastorale Opleidingskool**

Die bou en breekwerk van die fasiliteit is nog goed aan die gang, en steeds staan ons in verwondering van hoe die Here voorsien vir hierdie projek. Die werk vorder stadig maar ons hoop nog steeds om Februarie 2015 ons eerste inname te hê. Ons gebou het 'n tweede vloer gekry, ons dames- en manstoilette is al ingesit, die plafon is al so halfpad klaar en hopelik voor die einde van die jaar kan ons met die afskortings vir die kantore begin. Ons is verskriklik opgewonde oor die vordering en daagliks sien ons hoe die Here voorsien.

**Feesseisoen**

Ons as gesin wil van hierdie geleentheid gebruik maak, om vir een en elkeen wat so getrou bygedra het en gebid het, 'n Jesus seën toe bid vir hierdie tydperk van blydskap. Geniet jul tyd saam jul gesinne en vriende, en mag volgende jaar meer seëninge inhou.

**Gebed:**

1. Bid asseblief vir die kantoor vir: goeie tydsberekening, goeie beplanning en mense om te kom inskakel wat wil deel in ons koninkryksvisie.
2. Ons is baie dankbaar vir 'n voltydse dame van Campus Crusade wat van Durban af verhuis en by ons kantoor in Brakpan gaan inskakel van volgende jaar af.
3. Bid asseblief dat die breek- en bouwerk aan ons skool goed sal vorder en dat dinge sal gebeur sodat ons die skool Februarie kan oopmaak.
4. Bid asseblief vir die pastore wat die skool volgende jaar sal gebruik vir die opleiding, dat hul met oop en voorbereide harte sal kom.
5. Bid asseblief vir een en elkeen se beskerming oor hierdie feestyd.

**Persoonlik:**

1. Bid asseblief vir ons dat ons enduit kan fokus op ons werk en ons finansies en dat die finansiële gedeelte nie ons fokus van ons roeping sal afhaal nie.
2. Ons sê dankie dat Rochelle haar eksamens kon voltooi, en ons bid en vertrou dat sy goeie uitslae sal kry.
3. Ons sê dankie dat dit goed gaan met ons kinders in Brits en dat ons kleinseun net elke dag 'n groter seën word vir ons.
4. Dankie aan al ons ondersteuners vir jul volgehoue ondersteuning en bystand en raad wanneer ons dit nodig het, jul is vir ons 'n groot seën en ons waardeer dit opreg.

Dankie vir u vennootskap met ons in ons bediening deur jou gebede en belegging. Elke persoon wat ons bereik vir Christus, het u ook vir Christus bereik!

Met groot waardering

Tinus en Lana Els

**Kontakbesonderhede:**

Tinus Els
E-pos: tinuse@cccsa.org.za
Sel: 0748904142

Lana Els
E-pos: lanae@cccsa.org.za
Sel: 0845797669